



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OM 09:00 OP
DINSDAG 18 OKTOBER 2016 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP**

**MINUTES OF A MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON TUESDAY, 18 OCTOBER 2016
AT 09:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP**

RAADSLEDE

MNR	P J SWART	Uitvoerende Burgemeester
ME	Z TONISI	Uitvoerende Onder-Burgemeester
ME	M OCTOBER	Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
MNR	D J EUROPA	
MNR	D JANTJIES	
ME	E C MARTHINUS	
MNR	J G A NIEUWOUDT	
ME	E L SAULS	

AMPTENARE

Mnr D O'Neill	Munisipale Bestuurder
Mnr S Ngwevu	Direkteur: Korporatiewe Dienste
Mnr H Van Biljon	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr N Kotze	Direkteur: Siviele Ingenieursdienste
Mnr K Mrali	Direkteur: Gemeenskapsdienste
Mnr P Everson	Assistent Direkteur: Elektrotegniese Dienste
Mnr D October	nms Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanner
Mnr B Swart	Interne Ouditeur
Mnr G M Moelich	Bestuurder: Admin Ondersteuning
Mnr F du Toit	Bestuurder: Boubeheer
Mnr W van Zyl	Bestuurder: IT
Mnr O January	Bestuurder: Kliëntediens
Me N Mhlati-Musewe	Bestuurder: Menslike Hulpbronne

1. **OPENING**

Die Burgemeester heet die teenwoordiges welkom en Raadslid Europa open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Raadslid	C J Jacobs
Raadslid	G D Burger
Raadslid	R J Baker

3. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Mnr Christopher de Vries: Out of the Box Productions - Weekender, Arniston 2016

Mnr de Vries meld dat die Weekender, Arniston Fees sal plaasvind vanaf 2 tot 4 Desember 2016. In sy aanbieding aan die UBK maak hy melding van die begroting, die plaasmark, twee musiek verhoë en die komediant wat sal optree. Hy meld van 'n gemeenskapskonsessie vir die plaaslike inwoners teen 'n prys van R120 tot R300 per persoon per dag.

Verder verlang hulle die volgende dienste van KAM: Die oord, elektrisiteit, skoonmaak- en reinigingsdienste, verkeersdepartement vir die sluiting van Kusweg, algemene sekuriteit en mediese bystand asook toestemming om advertensie materiaal op bestaande padtekens te plaas.

4. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTING**

4.1 **NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP:**

26 September 2016 [*Ingebind in meegaande bylaagboek*]

BESLUIT BK133/2016

Bogenoemde Notule word as korrek en volledig bekragtig.

5. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE**

Geen.

6. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

6.1 **BRIEWE VAN DANK**

Geen.

6.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

6.2.1 Raadslede ontmoet amptenare op 28 Oktober 2016 by die Glaskasteel.

6.2.2 Die Raad se strategiese sessie sal vanaf 9 tot 11 November 2016 plaasvind.

7. **VERSLAE**

Bladsy: Agenda

7.1 **VERSLAG VAN DIE PUBLIEKE WERKE KOMITEE**

7.1.1 **ELEKTROTEGNIESE DIENSTE / *ELECTRO TECHNICAL SERVICES***

7.1.1.1 Maandverslag: September 2016

4

7.1.2 **TEGNIESE DIENSTE / *TECHNICAL SERVICES***

7.1.2.1 Maandverslag: September 2016

4

7.2 **VERSLAG VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE**

7.2.1 Maandverslag: September 2016

5

Bladsy: Agenda

7.3 VERSLAG VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE

7.3.1	Maandverslag - Korporatief: September 2016	5 - 6
7.3.2	Maandverslag - Kantoor van die MB: September 2016	6
7.3.3	Valuation and Criteria of GAP Housing Sites	6 - 7
7.3.4	Oordrag van Restant van erf 876, Napier	7 - 9
7.3.5	Erf 17, Swartstraat, Bredasdorp Behuising	10
7.3.6	Vervreemding (koop): Erf 2441, Bredasdorp	11 - 13
7.3.7	Vervreemding (koop): Ged grond aangrensend aan erf 440, Waenhuiskrans	13 - 14

8. ITEMS NA DIE UBK VERWYS VIR OORWEGING

8.1	Verslag van die Direkteur: Finansiële Dienste vir September 2016	14
8.2	Quarterly Supply Chain Management Implementation: 30 September 2016	14 - 15
8.3	Supply Chain Management Report for the month ended 30 September 2016	15 - 16

9. DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Geen.

10. OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES

Geen.

11. OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE

Geen.

12. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES

Geen.

13. VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN UBK BESLUIE

Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op **bladsy 17** van die Agenda.

14. IN-KOMITEE VERSLAE

In-Komitee items word vertroulik hanteer.

15. SLUITING

Die vergadering verdaag om 14:47

7. **VERSLAE**

7.1 **VERSLAG VAN DIE PUBLIEKE WERKE KOMITEE**

7.1.1 **VERSLAG VAN DIE ASSISTENT DIREKTEUR: ELEKTROTEGNIESE DIENSTE VIR SEPTEMBER 2016** **REPORT FROM THE ASSISTANT DIRECTOR: ELECTRO TECHNICAL SERVICES FOR SEPTEMBER 2016**

Aangeheg op bladsy 1 tot 11. / *Attached on page 1 to 11.*

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag van die Assistent Direkteur: Elektrotegniese Dienste vir September 2016 aanvaar word.

That the monthly report from the Assistant Director: Electro Technical Services for September 2016 be accepted.

AANBEVELING: PUBLIEKE WERKE KOMITEE / RECOMMENDATION: PUBLIC WORKS COMMITTEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

BESLUIT BK134/2016

Dat die Publieke Werke Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.1.2 **VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE VIR SEPTEMBER 2016** **REPORT FROM THE DIRECTOR: TECHNICAL SERVICES FOR SEPTEMBER 2016**

Aangeheg op bladsy 12 tot 20. / *Attached on page 12 to 20.*

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag van die Direkteur: Tegniese Dienste vir September 2016 aanvaar word.

That the monthly report from the Director: Technical Services for September 2016 be accepted.

AANBEVELING: PUBLIEKE WERKE KOMITEE / RECOMMENDATION: PUBLIC WORKS COMMITTEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

BESLUIT BK135/2016

Dat die Publieke Werke Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.2 **VERSLAG VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE**

7.2.1 **VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE VIR SEPTEMBER 2016** **REPORT FROM THE DIRECTOR: COMMUNITY SERVICES FOR SEPTEMBER 2016**

Verslae aangeheg:

- Publieke Dienste / Public Services bladsy / page 21 - 26
- Behuising / Housing bladsy / page 27 - 28
- Biblioteekdienste / Library Services bladsy / page 29 - 33
- Beskermingsdienste / Protection Services bladsy / page 34 - 41
- Menslike Ontwikkeling / Human Development bladsy / page 42 - 47

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag van die Direkteur: Gemeenskapsdienste vir September 2016 aanvaar word.

That the monthly reports from the Director: Community Services for September 2016 be accepted.

AANBEVELING: GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: COMMUNITY SERVICES COMMITTEE

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*
- (ii) Dat statistieke ten opsigte van "agterplaas bewoners" ook deur die Behuisingsdepartement gerapporteer word.
- (iii) Dat 'n werkwinkel gedurende November 2016 gereël word vir die bespreking van die "Human Settlement Plan 2016" en "Housing Selection Policy".

BESLUIT BK136/2016

- (i) Dat die Gemeenskapsdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
- (ii) Dat gereëldes monitering van onwettige plakkery uitgevoer word.
- (iii) Dat CDW's meer volledige verslae aan die Komitee voorlê.

7.3 **VERSLAG VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE**

7.3.1 **VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE VIR SEPTEMBER 2016** **REPORT FROM THE DIRECTOR: CORPORATIVE SERVICES FOR SEPTEMBER 2016**

- Administratiewe Ondersteuning / Administrative Support bladsy / page 48 - 52
- Menslike Hulpbronne / Human Resources bladsy / page 53 - 70
- Stadsbeplanning en Boubeheer / Town planning and Building control bladsy / page 70 - 76
- Information Communication Technology bladsy / page 77
- Kliëntediens / Client Services bladsy / page 78 - 86

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag van die Direkteur: Korporatiewe Dienste vir September 2016 aanvaar word.

That the monthly report from the Director: Corporative Services for September 2016 be accepted.

**AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION:
CORPORATE SERVICES COMMITTEE**

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

BESLUIT BK137/2016

- (i) Dat die Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
- (ii) Dat die Komitee kennis neem van die reggestelde totale waarde van bouplanne goedgekeur tot op datum, naamlik R87 525 000.

7.3.2 **VERSLAE UIT DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER VIR
SEPTEMBER 2016
REPORTS FROM THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER FOR
SEPTEMBER 2016**

STRATEGIESE DIENSTE

Die volgende verslae word aangeheg op bladsy 87 tot 103:

- 1. Kommunikasie / *Communication*
- 2. Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling / *Local Economic Development*
- 3. Toerisme / *Tourism*
- 4. Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning / *Integrated Development Planning*
- 5. Anti-Bedrog- en Risikobestuur / *Anti Fraud and Risk Management*
- 6. Prestasie Bestuur / *Performance Management*
- 7. Publieke Deelname / *Public Participation*
- 8. Verlof en Oortyd / *Leave and Overtime*

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die verslae uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir September 2016 aanvaar word.
That the report from the office of the Municipal Manager for September 2016 be accepted.

**AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION:
CORPORATE SERVICES COMMITTEE**

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

BESLUIT BK138/2016

Dat die Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.3.3 **VALUATION AND CRITERIA OF GAP HOUSING SITES (15/5/R - MTRP) (WARDS 2, 5 AND 6)**

PURPOSE OF REPORT

That Council take note of the valuation reports received from Messrs DDP Values (Pty) Ltd and determine criteria in order to further discounts on prices of the properties to make it more affordable for the targeted beneficiaries of the project.

VALUATIONS

Attached as Annexure A, B, C and D on page 104 to are the reports from Messrs DDP Values (Pty)Ltd for the following areas:

1. Bredasdorp - Erf 1148 (see Locality Plan attached as Annexure E on page 138)
2. Bredasdorp (see Locality Plan attached as Annexure F on page 139)
3. Struisbaai (see Locality Plan attached as Annexure G on page 140)
4. Arniston (see Locality Plan attached as Annexure H on page 141)

CRITERIA

GAP housing is used to describe the shortfall in the market between state-supplied residential units and housing opportunities delivered by the private sector. Residents in this market earn too much to qualify for state assistance, yet earn too little to qualify for home loans in the private property market.

The following additional criteria are proposed:

- a) Public servants who would not qualify for housing subsidies within the current housing policy.
- b) Potential beneficiaries who do not qualify for RDP Housing.
- c) Only residents from a specific town to be considered for a GAP House; where after residents from the rest of CAM can be considered and thereafter outside CAM.
- d) Residents who owned a house before cannot be considered for a GAP House.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

- (i) That Council approves the additional criteria as set above.
- (ii) That Council approves the Valuations received from Messrs DDP Values.

RECOMMENDATION: CORPORATE SERVICES COMMITTEE

That Management's recommendation be accepted.

RESOLUTION BK139/2016

That the Corporate Services Committee recommendation be accepted as resolution of the Mayoral Committee.

7.3.4 **OORDRAG VAN DIE RESTANT VAN ERF 876, NAPIER (N876 - BSSB) (WYK 1)**

DOEL VAN VERSLAG

Die Raad oorweging verleen aan die oordrag van die Restant van Erf 876, Napier vanaf Me Pretorius aan die Raad.

AGTERGROND

Op 24 Junie 2016 ontvang die Raad die volgende skrywe van Mnre LBF Prokureurs tov Erf 876, Napier:

**INSAKE : KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT / E PRETORIUS
ERWE 878 & 876, NAPIER (SAREL CILLIERSSTRAAT, NAPIER)**

Ons verwys u graag na die voormelde aangeleentheid en bevestig dat ons reeds verskeie opdragte van u ontvang het synde ter vordering van agterstallige dienstegeelde, en/of eiendomsbelasting ten opsigte van Erf 876, Napier.

Die eienaar van die betrokke eiendom is ene Elsa Pretorius wie 'n tagtigjarige dame is en wie tans woonagtig is te Calitzdorp.

Ons verneem dat sy die eienaar was van erwe 876, 877 en 878, Napier en dat die voormelde drie erwe tot ongeveer 1990 een ononderverdeelde eenheid uitgemaak het. Sy deel verder mee dat die betrokke eiendom gedurende of ongeveer 1990 onderverdeel is in wat dan vandag bekend staan as erwe 876, 877 en 878, Napier.

Sy deel egter ook mee dat, tydens die onderhandelinge met betrekking tot die onderverdeling van die moedererf, daar deur die Kaap Agulhas Munisipaliteit aangedui was dat hulle eienaarskap verlang van die gedeelte bekend as Erf 876, aangesien daar 'n provinsiale pad oor hierdie eiendom loop. Ons weet nie of hierdie vereiste, en/of voorwaarde vervat is in die goedkeuring van die onderverdeling nie, maar maak Me Pretorius se weergawe hieromtrent sin, aangesien daar in elk geval 'n pad oor die betrokke eiendom loop en sy dus nie die gebruik en genot daarvan kan hê nie.

Hierdie eiendom is egter steeds in die naam van Me Pretorius geregistreer en derhalwe word sy aangespreek vir betaling van dienstegeelde, en/ook moontlik eiendomsbelasting op die betrokke erf.

Ons verneem graag of u vir ons meer duidelikheid hieromtrent kan verskaf want dit is sekerlik onbillik om te verwag dat iemand dienstegeelde, en/of belastings betaal op 'n eiendom waaroor daar 'n provinsiale pad loop en sal dit sekerlik in die toekoms aanleiding gee tot die verklaring van 'n formele geskil met u instansie. Dit is sekerlik in u belang om sodanige geskil te voorkom, maar aangesien ons op hierdie stadium slegs oor bogenoemde weergawe beskik, ag ons dit gerade om ook u kommentaar hieromtrent te bekom.

STADSBEPLANNINGSKOMMENTAAR

Erf 876, Napier is in 1987 onderverdeel in twee gedeeltes en Restant (Straat). Die twee gedeeltes is alreeds vervreem, maar die Restant van erf 876, Napier is nogsteeds in die eienaarskap van me Elsa Pretorius (T74048/1990). Volgens die Kaap Agulhas Geïntegreerde Soneringskema is erf 876, Napier gesoneer vir Straatdoeleindes.

Die diagram soos geregistreer in die Landmeter Generaal kantoor is as volg:

B. J. Bekker - Landmeter

KANTOORAFSKRIF

SYE Meter		RIJTINGS -HOEKE		KOÖRDINATE Stelsel		L.G. Nr. 7664-87 Goedgekeur <i>J. Bekker</i> Landmeter-generaal 1987-11-25.
				Y	X	
BC	14,80	C	79 45 20			
CD	37,47					
DE	6,93	D	99 48 50			
Nr.	Figuur	Beskrywing	Kaart Nr.	Transportakte Nr.		
1	B C D E	Erf 59 Napier	1084/1905	1905.160.11956		
2	A B E F	Restant van Erf 70 Napier	212/1839	1839.22.25		
<p>Skaal : 1/1500</p> <p>Die figuur A B C D E F stel voor 3145 Vierkante meter grond, synde ERF 876 NAPIER en bevat (1) - (2) hierbo geleë in die Munisipaliteit van Napier Administratiewe Distrik Bredasdorp Provinsie Kaap die Goeie Hoop. Opgemeeet in Saamgestel in September 1987 deur my, <i>J. Bekker</i> B. J. Bekker, Landmeter</p>						
Hierdie kaart is geheg aan Nr. SVT. 74048/90 gedateer t.g.v. Registrateur van Aktes		Die oorspronklike kaart is soos hierbo genoem Nr. geheg aan Transport/Grondbrief Nr.		Lêer Nr. S/935/6 M.S. Nr. Saamgestel Komp. AI-4DD/X23 (484)		

De Jong-Litho 2038/E

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die oordrag van die Restant van Erf 876, Napier vanaf me Elsa Pretorius aan die Raad deur die Eiendomsadministrasie Afdeling; en
- (ii) Dat alle agterstallige dienste heffings en erbelasting afgeskryf word deur die Finansafdeling, aangesien die Restant van Erf 876, Napier nog altyd vir straatdoeleindes aangewend word.

AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: CORPORATE SERVICES COMMITTEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / That Management's recommendation be accepted.

BESLUIT BK140/2016

Dat die Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

C
B

7.3.5 **ERF 17, SWARTSTRAAT, BREDASDORP BEHUISING (17/4/1/5 - DKD)**

DOEL VAN VERSLAG

Om kennis te neem en oorweging te skenk aan die toekenning en bestuur van Swartstraat se behuisingskema.

AGTERGROND

Swartstraat 17, Bredasdorp is 'n eiendom van Kaap Agulhas Munisipaliteit wat deur die Wes-Kaapse Provinsiale Regering ontwikkel is as 'n behuisingskema waar 6 huise gebou is.

Vind aangeheg op bladsy 142 tot 148 'n volledige verslag oor die eiendom, wat ook insluit die geskiedenis asook die riglyne vir die toekenning van die huise. Tesame met die verslag is daar ook lugfotos en ander fotos van die perseel.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Indien die Raad onderhoud/formalisering van die perseel wil doen, sal dit 'n impak hê op die 2017/18 bedryfsbegroting.

Indien die Raad oorweeg om die eiendom te onderverdeel en te vervreem aan inwoners, sal daar bedryfsuitgawe wees soos landmeter- en prokureurskoste, maar ook 'n inkomste indien die eiendom vervreem word.

PERSONEEL IMPLIKASIE

Geen.

WETLIKE IMPLIKASIE

MFMA, bestuur van bates.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die Land Disposal Committee van die Raad 'n terplaatsse ondersoek doen op erf 17, Bredasdorp (bekend as Swartstraat 17, Bredasdorp).
- (ii) Dat die Komitee met 'n voorstel na die Raad kom oor die toekoms van die genoemde terrein.
- (iii) Dat geen toekenning van huise gedoen word alvorens die Raad die verslag van die Land Disposal Committee oorweeg het nie.

AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: CORPORATE SERVICES COMMITTEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

BESLUIT BK141/2016

- (i) Dat die Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
- (ii) Dat die twee beskikbare huisies aan die volgende persone op die waglys beskikbaar gestel word.

7.3.6 **AANSOEK OM VERVREEMDING (KOOP) VAN ERF 2441, BREDASDORP (COLLAB: 154687) (WYK 4)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr J Snyders ten einde erf 2441, Bredasdorp te koop (liggingsplan aangeheg op bladsy 149).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars : KAM
 Eiendom : Erf 2441, Bredasdorp
 Ligging : H/V Sonopstraat en Heuningbergstraat
 Erf Grootte : 6.1810ha
 Huidige Sonering : Straat
 Voorgestelde Grootte : 1153m²

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op bladsy 150 tot 152 is van mnr Johan Snyders ontvang om erf 2441, Bredasdorp by die Raad te koop om die erf te hersoneer na 'n woonerf.

MARKWAARDASIE

R250 00,00 (aangeheg op bladsy 153)

FINANSIële IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

Council policy	Alienation of land
MFMA	1. Sect 14(2)(a) : asset not required for minimum level of basic services. 2. Sect 14(2)(b) : consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset. 3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below). 4. Sect 33 : Contracts having long term financial implications.
MATR	1. Definition of "high value asset" : "fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts: a) R50 million; b) One percent of the total value of the capital assets of the municipality.... c) An amount determined by resolution of the council of the municipality which is less than (a) or (b). 2. Definition of "realisable value" : fair market value <u>less</u> estimated costs of completion. 3. Definition of "right to use, control or manage" : when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal. 4. Regulation 5 (decision-making). 5. Regulation 6 (public participation)
SCM Regulations SCM Policy	Regulation 40: (Disposal Management) Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth

Systems Act (public participation)	Section 21A: (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community: (a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries; (b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and (c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained.
Town Planning legislation	No application is required.

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

MUNISIPALE BESTUURDER

Follow due process.

DKD

No objection.

DGD

Geen beswaar.

ADEMD

Geen beswaar. Alle infrastruktuur kostes moet gehef word vir elek.

DSID

Geen dienste sal beïnvloed word nie.

DFD

Geen beswaar.

BBB

Die aansoek word ondersteun. Die nodige stadsbeplannings aansoeke moet gevolg word.

BSB

B2441

BSD

Regte prosedures moet gevolg word.

BAD

Ek kan geen probleem sien met sodanige hersonering nie. Genoemde markprys lyk te veel, veral as in ag geneem word dat onderverdeling, hersonering en sluiting van 'n pad ook vir die koper se rekening is.

LAND DISPOSAL COMMITTEE BESLUIT: LD 65/2016

- (i) Dat die genoemde erf op publieke tender geplaas word.
- (ii) Dat die hersonering en onderverdeling van die erf, vir die suksesvolle tenderaar se koste sal wees.
- (iii) Dat 'n markwaardasie verkry word.

BESTUURSAANBEVELING

Aangesien die eiendom nie ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van Erf 2441, Bredasdorp.

- (i) Dat die genoemde gedeelte erf op publieke tender geplaas word.
- (ii) Dat die hersonering en onderverdeling van die erf, asook die afsny van die openbare ruimte vir die suksesvolle tenderaar se koste sal wees.

**AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION:
CORPORATE SERVICES COMMITTEE**

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

BESLUIT BK142/2016

Dat die Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.3.7 **AANSOEK OM VERVREEMDING (KOOP) VAN GEDEELTE GROND AANGRENSEND AAN
ERF 440, WAENHUISKRANS (COLLAB: 152136) (WYK 6)**

DOEL VAN VERSLAG

Dat oorweging geskenk word aan die versoek van mnr J Prins ten einde 'n gedeelte grond aangrensend aan erf 440, Waenhuiskrans te koop (liggingsplan aangeheg op bladsy 154).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Ligging	:	Erf 440, Skoolstraat, Waenhuiskrans
Huidige sonering	:	Oop ruimte
Erf Grootte	:	2943m ²

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek is van mnr Prins ontvang om 'n gedeelte grond (15 x 5 meter) aanliggend aan erf 440, Waenhuiskrans by die Raad te koop om 'n motorhuis op te rig.

MARKWAARDASIE

R15 000,00

Die Raad het op 31 Mei 2016 die volgende besluit geneem:

"BESLUIT 111/2016

- (i) *Dat die Raad goedkeuring verleen vir die vervreemding van 'n gedeelte aangrensend tot erf 440, Waenhuiskrans (15 x 5 meter).*
- (ii) *Dat die Raad 'n Landmeter aanwys wat genoemde gedeelte sal registreer en konsolideer met die koper se bestaande erf, vir die koste van die koper.*
- (iii) *Dat die markwaarde soos bepaal, as koopprys van toepassing sal wees.*
- (iv) *Dat alle wetlike prosesse gevolg sal word, soos onder andere die voorneme van vervreemding aan die publiek bekend gemaak moet word."*

'n Advertensie met die Raad se voorneme is op 15 Julie 2016 in die plaaslike pers geplaas.

Geen kommentare/besware is ontvang nie.

BESTUURSAANBEVELING

Vir finale oorweging deur die Raad om genoemde perseel te verkoop aan mnr J Prins om 'n motorhuis op te rig.

**AANBEVELING: KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION:
CORPORATE SERVICES COMMITTEE**

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

BESLUIT BK143/2016

Dat die Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

8. ITEMS NA DIE UBK VERWYS VIR OORWEGING

**8.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE VIR SEPTEMBER 2016
REPORT FROM THE DIRECTOR: FINANCIAL SERVICES FOR SEPTEMBER 2016**

Aangeheg op bladsy . / *Attached on page .*

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag van die Direkteur: Finansiële Dienste vir September 2016 aanvaar word. / *That the monthly report of the Director: Financial Services for September 2016 be accepted.*

BESLUIT BK144/2016

Dat die kwartaallikse artikel 52 begroting- en prestasie verslag van 30 September 2016 aanvaar word met die volgende aanbevelings:

- (i) The content of the report and supporting documentation for the period ending 30 September 2016 is noted.
- (ii) It be noted that the directors ensure that the budget is implemented in accordance with the Service Delivery and Budget Implementation Plan projections and in accordance with the approved budget.
- (iii) It be noted that any material variances will receive remedial or corrective steps.

**8.2 QUARTERLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT
REPORT FOR THE PERIOD ENDED 30 SEPTEMBER 2016 (DFS)**

PURPOSE OF REPORT

The accounting officer must, within 10 days of the end of each quarter, submit a report on the implementation of the supply chain management policy to the mayor.

The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(3) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the first quarter from **1 July 2016 - 30 September 2016**, in order to strengthen Council's oversight role.

Implementation of Supply Chain Management Policy

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in May 2016 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provincial Treasury to give effect to the compliance aspect.

This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

Committees

The bid committees are established and are fully functioning fully according to Council's SCM Policy and the SCM Regulations. The committees are listed below:

- Bid Specification Committee (BSC)
- Bid Evaluation Committee (BEC)
- Bid Adjudication Committee (BAC)

For detailed information on the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 30 September 2016, see page 155 to 177.

MANAGEMENT RECOMMENDTION

That Council take note of the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 30 September 2016.

RESOLUTION BK145/2016

That the Management's recommendation be accepted as resolution of the Mayoral Committee.

8.3 MONTHLY REPORT: SUPPLY CHAIN MANAGEMENT FOR THE MONTH ENDED ON 30 SEPTEMBER 2016 (5/27 - DFS)

PURPOSE OF REPORT

To report on:

1. Awards made to suppliers of goods and services in terms of the Supply Chain Management and Policy and Regulations.
2. Relevant reports under the Supply Chain Management - Regulations and Policies.

BACKGROUND

The Act on Local Government : Municipal Finance Management Act, 2003, Chapter 11, the Municipal Supply Chain Management Regulations , as published in the Government Gazette on 30 May 2005 and the Council 's Supply Chain Management Policy as adopted on 31 May 2016 states that several reports must be submitted to the Council, accounting Officer and the Chief Financial officer.In order to create a transparent image to all processes in the Supply Chain Management Division, a full report is submitted to the Council.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

The following reports on page 178 to 231 are submitted for notification / approval:

1. Petty Cash Purchases (SCM Regulations 15 (d))
2. Final awards made for a value above R30 000 up to R10 million (SCM Regulations 5 (4))
3. Final awards made above R100 000 submitted to Provincial & National Treasuries
4. Written Quotations awarded without obtaining three quotations (SCM Regulations 16 (c) & 17 (c))
5. Deviations from Minor Breaches of the Supply Chain Management Policy (SCM Regulations 36 (1) (a), (b) & (c))
 - 5.1 Under R30 000
 - 5.2 Above R30 000
 - 5.3 Above R200 000
6. Written & Formal Written Quotations awarded (all awards) (SCM Regulations 5 (3), 5 (4) (a) & (b) & 18(1)(d), 17(2))
 - 7.1 Report on Awards made to persons in service of the state (SCM Regulations 44)
 - 7.2 Report on awards made to close family members of persons in service of the state (SCM Regulations 44)
8. Report on Projects on i-Tender in terms of the CIDB Regulation 18(1)
9. Disputes, Complaints, Enquiries and Objections (SCM Regulations 21(e), 49 and 50)
10. Report on Registrations on Suppliers Database
11. Stores month end Reconciliation.

RESOLUTION BK146/2016

That the Management's recommendation be accepted as resolution of the Mayoral Committee.

14. **ONAFGEHANDELDE UBK BESLUIE**

Besluit Nr	Onderwerp	Verkorte Besluit	Vordering	Verantwoordelike persoon
BK195/2013	Oorname van Elim Stortingsterrein (16/5/R)	(i) Met ODM onderhandel word alvorens oordrag plaasvind. (ii) Na 2014/2015 begroting verwys word.	<i>Tydens 'n vergadering tussen DEA, KAM, ODM en die Morawiese Kerk het die kerk besluit dat die stortingsterrein gesluit word. Vullis word per bakke karwy na Bredasdorp stortingsterrein.</i>	DSID
BK11/2014	Pad na Suiderstrand (16/3/3/2)	(i) In gesprek getree word met relevante rolspelers vir oorweging van 'n moontlike memorandum van ooreenkoms. (ii) Na afhandeling van die memorandum van ooreenkoms daar by die Provinsiale Minister van Publieke Werke aansoek gedoen word vir eksterne befondsing om die pad te herstel.	<i>SANPARKE gaan 1,2km van die pad plavei binne 2016/17 finansiële jaar. Wyksraadslid het reeds versoek om befondsing aan die minister gerig.</i>	DSID

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Komitee kennis neem van die onafgehandelde besluite.

BESLUIT BK147/2016

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

Hierna gaan die Komitee In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie

dag van

2016

BURGEMEESTER

DATUM: